

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

August 2021 Edition 1



Support for  
businesses  
and workers

Page 3



Stevie  
takes on  
COVID-19

Page 7

## Rebuilding SA



Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

### CONTACT US

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

FREE COPY NOT FOR SALE



# Steun vir besighede en werkers

**O**m 'n besigheid te begin en te bedryf is baie soos om 'n gesin groot te maak. Dit neem van kleintyd tot volwassenheid tyd, geduld, volgehoue ondersteuning en koesterung.

Dit is vir baie besigheidseienaars hartverskeurend om te sien hoe die besigheid wat jy van niks af begin het en opgebou het, nou sukkel om aan die gang te bly of sy deure moet sluit.

Dit is egter sedert uitbreek van die KOVID-19-pandemie die situasie waarin baie besighede — groot én klein — hulself bevind; nie net in ons land nie, maar regoor die wêreld.

Die pandemie en die maatreëls wat ons moes instel om die verspreiding van die virus te bekamp, het 'n nadelige impak op besighede gehad.

Ons het, soos wat ons die pandemie hanteer, gepoog om 'n bewysgebaseerde benadering te volg, beide in beleid en praktyk, deur wetenskaplike navorsing, kliniese deskundigheid en vermoëns en daarmee saam ook die impak van die pandemie op alle dele van die bevolking, in oorweging te bring.

Ons het gepoog om 'n balans tussen die red van lewens en die red van mense se lewensbestaan, te handhaaf.

Ons het gepoog om die impak van die opeenvolgende inperkingsbeperkings op mense se lewensbestaan te versag en terselfdertyd die risiko van 'n tweede en selfs erger armoede- en hongersnoodepidemie in die toekoms te verminder.

Ons het laasjaar, aan die begin van die pandemie, maatreëls soos die KOVID-19 tydelike werkgewer-/werkneemverligtingskema (TERS), die KOVID-19-leningswaarborgskema en verskeie ander meganisme ingestel om klein besighede te



ondersteun en onmiddellike, korttermynverligting aan werknemers en besigheidseienaars te bied.

Daarbenewens het die spesiale KOVID-19 maatskaplike noodverligtingstoelaag tesame met meer breedvoerige bestaande maatskaplike toelaes 'n lewenslyn aan behoeftige individue en gesinne gebied.

Dit was, deur dié ingrypings, vir ons moontlik om die ergste gevolge van die pandemie te versag, die sluiting van baie besighede en daarmee saam verdere werksverliese, te verminder. Dié ingrypings het 'n stewige basis vir die ekonomiese heropbou- en herstelplan wat ons in Oktoberlaasjaar geloods het, gevorm.

Ons het die presidensiële werkskeppingsstimulus as deel van daardie plan gestig om inkomste- en lewensbestaansteun aan miljoene begunstigdes te verskaf.

Meer as 300 000 jongmense is, danksy dié stimulus, as skoolassisteente aangestel. Meer as 100 000 bestaansboere is op die eerste databasis van sy soort geregistrer, waar hulle toegang tot tegniese steun het.

Meer as 30 000 jongmense

is geleenthede in die kulturele, kreatiewe en sportsektore gegun. Jong beroepsmense is geleenthede in infrastruktuurontwikkeling, gesondheidsorg, omgewingsbewaring en 'n aantal ander sektore, gegun.

Daar is belowende tekens dat ons ekonomie voortdurend herstel, met groei en werkskepping in 'n aantal sektore, van vervaardiging tot mynwese en landbou.

Ons weet terselfdertyd dat dié "groter prentjie" nie veel van 'n vertroosting vir werkers en besigheidseienaars is wat in die afgelope jaar en 'n half vreeslik swaargekry het en gehoop het om 'n verbetering in hul omstandighede te sien met die stadige heropening van die ekonomie, nie.

Die blitsige styging in infeksies wat deur die nuwe deltavariant aangevuur word, het strenger beperkings op, onder meer, die beweging van mense, die bedryf van sekere soorte besighede en openbare byeenkomste vereis.

Dié besluite was nie maklik om te maak nie, gedagtgig aan die impak wat dit op mense se lewensbestaan sou hê.

Ons het, net soos wat ons aan

die begin van die pandemie gedoen het, met al ons maatskaplike vennote en die handel-, arbeid- en burgerlike samelewing beraadslaag om te sien watter volhoubare finansiële maatreëls ons kon instel om besighede en mense in nood in dié tyd te ondersteun.

Die onderhandelinge by die Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings- en Arbeidsraad het tot 'n konsensus gelei dat die mees praktiese en volhoubare finansiële maatreël wat dringende verligting kan bring, die verlenging van die KOVID-19 TERS-skema in sektore wat deur die aangepaste waarskuwingsvlak 4-beperkings geraak word, is.

Ons het, as ondersteuning vir besighede, die geldigheid van hulle bedryfslisensies en -permittie wat tussen Maart 2020 en Junie 2021 verval het, tot 31 Desember 2022 verleng. Daarbenewens sal alle nuwe besigheidslisensies en -permittie wat vanaf 1 Julie 2021 uitgereik is, ook tot 31 Desember 2022 geldig wees, en geen lisensiefoolie sal gehef word nie.

Ons het in die afgelope jaar ook deurlopend daarvan gewerk om kwesbare werkers wie se werke


in gedrang was, veral in sektore soos kleinhandel, voedsel en drank en die metaalbedryf wat swaar getref is, te beskerm. Sowat 58 00 werke is, deur middel van prosesse wat deur die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie ondersteun is, gered.

Besighede en werkers bly, met geen teken dat die pandemie binnekort te eindig nie, kwesbaar.


Ons kan, danksy die voortdurende maatskaplike ooreenkomste voortgaan om as staat, handel en arbeid saam te werk om 'n buffer te skep om werkers en besighede teen die pandemie se ergste ekonomiese impakte te beskerm.

Ons eerste prioriteit bly vir nou om lewens te red en te verseker dat ons die nodige steun, binne ons vermoëns, verskaf om te verhoed dat meer besighede sluit en meer werksgeleenthede verlore gaan.

Die staat bly, soos met die KOVID-19 TERS, daar toe verbind om ons gesprekvoering met handel en arbeid voort te sit om 'n weg te vind, te midde dié swaar tye, wat beide lewens red en mense se lewensbestaan beskerm. ①



# DANKIE PANDEMIEHELDE- EN HELDINNE



# SANW veg saam teen KOVID-19

## More Matshediso

**D**ie Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) verleen hulp in die stryd teen die koronaviruspandemie in Gauteng wat tans die episentrum van die derde KOVID-19 vlaag is.

Die SANW verskaf steun met massatoetsing, sifting en kontaknaspeling onder plaaslike gemeenskappe en verleen ook hulp by hospitale.

Die Suid-Afrikaanse Militêre Gesondheidsdiens is in die provinsie ontplooい om die druk op gesondheidswerkers te verlig.

‘n Mediese taakgroep is by die Chris Hani Baragwanath Akademiese Hospitaal in Johannesburg gestasioneer.

Die hospitaal is, met dié dat Gauteng tot dusver die hoogste aantal KOVID-19-gevalle tydens die derde vlaag aangeteken het, as ‘n provinsiale

gesondheidsfasiliteit verklaar en fokus nou hoofsaaklik op pasiënte met KOVID-19.

Die mediese taakgroep is eers as voorsorg teen die virus ingeënt voordat hulle hul pligte opgeneem het, terwyl hulle die stygende aantal positiewe gevalle en hospitaalopnames hanteer.

Kolonel-kommandant Fezeka Mabona van die mediese taakgroep, ook ‘n professionele verpleer, sê dat sy op grondvlak saam met die lede van die groep werk.

“Die groep bestaan uit verskeie gesondheidsorgdeskundiges, waaronder verpleers, dokters, kliniese medewerkers en beroeps gesondheid- en beroepsveiligheidsdeskundiges,” sê sy.

Die meerderheid van die verpleers het verpleegkwalifikasies op graadvlak met verskillende spesialiteitsveld, waaronder primêre gesondheidsorg.

“Sommige van die verpleers is



Lede van die Suid-Afrikaanse Militêre Gesondheidsdiens verleen hulp aan personeel met die versorging van KOVID-19-pasiënte by die Chris Hani Baragwanath Akademiese Hospitaal.

opegelei vir teaterdiens. Almal van ons het al as algemene verpleers, vroedmeesters, verpleegopvoeders en bestuurders in beide die militêre en die openbare gesondheidsorgstelsel gewerk,” voeg sy by.

Die groep is opgedeel in taakspanne en werk saam met die hospitaalpersoneel in skofte wat deur die behoefte aan versorging by die fasilitet bepaal word. Die

span verskaf tans gesondheidsorgdienste in ses van die hospitaal se sale.

“Die hoeveelheid hospitaalpersoneel is op die oomblik baie laag in vergelyking met die aantal KOVID-19-gevalle. Dit is baie belangrik dat ons poog om soveel as moontlik te doen om hulle te help sodat ons saam verdere druk op die gesondheidsorgstelsel

kan vermy,” sê Mabona.

Sy voeg by dat die spangees onder verpleers van die SANW en die openbare gesondheid sorgstelsel sover positief is.

Daar word, weens die styging in KOVID-19-gevalle verwag dat die hospitaal meer beddens sal ontvang om die kapasiteit van 96 hospitaalbeddens te verhoog en sodoende meer pasiënte te kan akkommodeer.

# Pandemic sparks good deeds

**A CHURCH** congregation in Ga-Rankuwa, north of Tshwane, is doing all it can to assist the needy during the COVID-19 pandemic.

## Kgaogelo Letsebe

**S**outh Africans have been hard-hit by the Coronavirus Disease (COVID-19), with many losing loved ones and struggling to earn a living during these difficult times.

But the pandemic has also resulted in stories and acts of hope, with people standing together and offering each other help and support.

This is the case for the Ga-Rankuwa community in Gauteng.

Following the Level 5 lockdown in March last year, the Ga-Rankuwa Presbyterian Church’s Reverend Thando Mpambani put a Church in Society Committee

in place to help people in need.

“The journey started with the vision to support the needy. We initially identified 12 families that were in dire need. The needs varied, but a common theme was food,” says committee Chairperson Khutjo Leburu.

The committee rallied the church’s congregation and neighbours to put substantial food parcels together.

“COVID-19 continues to have a profound effect on society, therefore it’s everyone’s responsibility to share the little we have with those in need. Instead of just having a food drive, we decided to run various drives.

“This year alone we have distributed school shoes to needy

families, thousands of second-hand and new shoes to Shoes4souls, toiletries to 86 Grade 7 learners at Ikageng Primary School and we are busy with a blanket drive,” says Leburu.

While the Level 5 lockdown is a thing of the past, its effect still lingers and many families are still struggling to recover financially.

Leburu says that as long as there are families in need, the church’s work in the community is not done.

“Churches, as institution of God, are mandated to support others and fulfil the Messiah’s mission. It is time churches start playing active roles in the community, open their doors to the needy and stop operating in isolation. We aim to continue to do this,” she adds.



A group of congregants from Ga-Rankuwa are reaching out to their community to lend a helping hand.